# 4

## jagtog

Die oggendlug is koud en skerp. Om my lê die Karooveld doodstil. Ghwarriebosse en klapperbosse roer in die ligte oggendwind, asof diertjies tussen die plante deur vleg.

Ek trek my oë op skrefies en soek na Intsimbi in die lug. Die ritme van sy uitstuur, kyk hoe hy klim in die blou lug tot hy net 'n donker stippeltjie word, wag tot hy weer verskyn, die fluitjie blaas om hom in te roep, en dan die naderkom. Vinnig, soos 'n pyl uit 'n boog. Sy klokkie wat harder klingel. Die vasgryp van sy kloue om my vingers in die handskoen. Dit kalmeer my altyd. Al is ek bekommerd oor die hommels, al weet ek dat die swart metaalvalke dodelik is. As hy in die lug sweef, kan ek ook asemhaal. Eendag, wanneer ek seker is hy kan genoeg jag om op sy eie te oorleef, sal ek hom vrylaat. Eendag.

Hy het vier sandpatryse gevang. Meer as gewoonlik. Vandag kan ek ook 'n sak vol bloed op die sitkamertafel neersit. Met

net so ’n nors gesig soos Sivan. Ek glimlag.

“Haai! Waar is jou valk?” Finian se stem agter my. Die donkersjokolade stem.

Ek draai vinnig om.

Hy kom nader gestap, sy hande agter sy rug. Hy skop na klippies tussen die spekbosse, sy kuif blondblink in die vroeë oggendson.

My hart galop vinniger. Hy het gesê hy gaan kom kyk hoe ek jag. En nou is hy regtig hier.

“Hy’s hier êrens. Ek sal hom nou-nou roep.”

“Hoe lank jag jy al met valke?”

Ek trap rond, druk die kettie waarmee ek sandpatryse uit die veld opjaag skeef in my valkeniersak in. “Seker al so tien jaar? Ek’t begin met ’n kransvalkie. Later edelvalke, soos ek beter geword het. Met Intsimbi begin jag toe ek sestien was. Hy was een van my pa se broeipaar se kleintjies, later deel van die groep valke wat gebruik is in die Hommelprojek. Nou’s ek sy enigste hanteerder. Kon hom nie by die huis los nie.”

Ek wil hom nie sê dat Intsimbi al is wat ek van Pa oorhet nie. Dat valke die ding is wat ons saam gedoen het vandat ek agt jaar oud was. Dat Pa ’n meestervalkenier was, dat ek ook eendag ’n meestervalkenier wil wees. Miskien sal die paar valkeniers wat oor is, weer eendag valkeniersfeeste en simposiums kan hou en eksamens kan skryf.

“Ek dink die kuns van valkjag is so interessant! Het self al gewens ek kan jag. Dis goed as jy ’n valk het wat jou dieet kan aanvul. Mens kan nie net van mielies en aartappels leef nie.”

“Swerfvalke jag van eende tot kransduiwe en fisante, so dit help, ja.”

Waar is Intsimbi? Ek trap rond, karring aan my valkeniersak se band. Haal my kettie uit, sit dit weer terug.

Finian het toe ons ontbyt geëet het gevra of hy saam met my kan kom jag. Ek kon nie vinnig aan 'n verskoning dink nie. Dit was te onverwags. Ek jag al tien dae elke oggend met Intsimbi, en hy vra nou? Dalk wou ek ook nie nee sê nie? Ek't Sivan en Avabelle dadelik saamgenooi, maar Avabelle moet vanoggend die androïede herinstel om in te pas by die nuwe temperatuursiklusse noudat dit winter is. Sivan het ook 'n verskoning uitgedink. Hopelik krap sy weer in die twee se kamers rond op soek na die kapsule. Ons het besluit dat sy sal gaan soek elke keer wanneer sy 'n kans kry.

Dalk moet ek net diep asemhaal. Hom eerder so lank ek kan hier buite hou.

"En jou rooijakkalse? Waar kom hulle vandaan?"

"Hulle was ook 'n geskenk van my pa, soos jy jou valk by jou pa gekry het. Vader was deel van die Roofdierstudie toe die destydse regering geneties gemodifiseerde honde vir die polisie geteel het, toe hulle die honde se reukvermoëns verskerp het met die DNS van rooikatte."

"O ja, ek onthou daai projek. Dit was voor die Hongersnood, nog voor die Genmods oorgeneem het, nè? Jag hulle self?"

"Ja. Hulle is deel van 'n familiegroep jakkalse hier rond en is meer in die veld, maar hulle kom heining toe wanneer hulle wil. Ek gaan loop elke tweede dag of wat met hulle in die veld, en soms bly hulle langer. Hulle is 'n teelpaar. Sal seker altyd saambly." Hy gaan sit op 'n boomstomp wat omgeval het, wys dat ek ook moet sit. "Sal ons hier vir jou valk wag?"

Waar bly Intsimbi? "Is dit nie . . . gevaarlik om so lank buite te wees nie? Ek kan hom roep."

"Ons is naby genoeg aan die huis. Hoe vinnig kan jy hardloop? Ons sal kan binne wees voor die hommels binne vuurafstand is. Relax."

Ja, ek moet seker ontspan. Ek het soms smiddae ook met Intsimbi gejag, al is dit swaarder met een arm in 'n hangverband. Daar was nooit 'n hommel naby nie. Maar die hommels het uit die bloute by ons stoep opgedaag daardie middag.

Ek gaan sit op die stomp langs hom. Skuif weg toe sy arm teen myne skuur. Waarom gaan ek soos 'n skooldogtertjie aan? Ek was lanklaas verlief. Een keer toe ek twaalf was, natuurlik op die bure se seun. Die jaar daarna het ek 'n crush gehad op die blonde kitaarspeler van 'n Amerikaanse sanggroep wat deur die land getoer het. Don Moon, met die mooi kuif wat oor sy groen oë gehang het. Sy sterk vingers wat sy kitaarsnare streel. Ma het geen simpatie gehad toe ek al my spaargeld op sy CD's geblaas het nie, maar Pa het my aangery na drie van sy shows. Nou's ek agttien, sonder dat my hart al regtig ernstige wawiele gemaak het oor 'n ou. Daar was ook nie die laaste paar jaar plek vir sulke goed nie. En nou is ek verlief op Finian? Ek byt op my lip. Avabelle het nie daarvan gehou dat hy homself saamgenooi het veld toe nie. Haar lippe op 'n plooi getrek toe sy besef dat ek en hy met Intsimbi gaan jag. Ek sug.

"En dit?"

"Nee . . . sommer net. My . . . elmboog is nog seer. Dis al."

Hy knik. "Word dit darem beter? So 'n verstuiting kan

weke neem om heeltemal reg te kom."

Weke wat ek nie het nie. "Ek kan nog nie my elmboog gebruik nie, maar dis minder seer. Sivan sit elke dag ys op, en haar pepermentkompresse help."

Dit raak weer stil tussen ons. "Jy . . . skets?" Ek beter vinnig weer oor hom praat, voor hy te veel vrae vra.

"Ja. Ná ek die aanlyn matriekeksamen gedoen het, wou ek gaan kuns swot in Napels, maar Vader het 'n stokkie daarvoor gesteek. Dit was net voor die Hongersnood. Hy't gesê ek moet eerder iets aanlyn studeer wat sal lei tot 'n 'regte' werk. Iets soos 'n datamakelaar of 'n telechirurg. Wie karring nou in elk geval met kuns as rekenaars al jare lank abstrakte skilderye kan maak?" Hy snork, skud sy kop. "Ons het erg daaroor gebots. Ek't jare laas met hom gepraat."

"En nou teel jy meelwurms?"

Finian snork weer. "Ja. Ironies. Dis so anders as kuns. Miskien sal dít hom tevrede stel. Behalwe dat ek die teelstasie gekoop het met geld wat ek by my Italiaanse oupa geërf het. Dis ook nie goed genoeg in sy oë nie!"

"Jy't 'n Italiaanse oupa?"

"My ma was Italiaans. 'Nera' is Italiaans vir swart en 'Argento' vir silwer. Sy . . . is dood net voor die Hongersnood. Sneltreinongeluk. Dinge het toe al begin skeefloop vir ons." Hy breek 'n takkie van die stomp af, speel daarmee tussen sy vingers.

"Ek's jammer." Ek moet sluk om my trane te keer. Wil nie voor hom aan die huil gaan nie. Dis net Sivan wat weet wat met Pa-hulle gebeur het. Maar dis te laat.

"Wat's verkeerd?" Hy skiet die takkie weg en leun nader.

"My ouers . . . My ouers is tien dae gelede deur hommels doodgeskiet."

"Wat?! Tien dae! Geen wonder jy lyk so stukkend nie." Hy sit sy arm om my, trek my nader. Los my weer, kyk af. "Dit moet vreeslik wees."

Ek wens hy wil weer aan my raak, my vashou. Ek mis Pa en Ma so! Maar hy weet net mooi niks van my af nie. Ek kan nie heeltyd voor vreemdelinge huil nie. Wil nie.

Ek staan vinnig op, druk my hare agter my oor in, vee my trane af. Kyk op, sien Intsimbi hoog bo ons, soos hy ons gevolg het. Om ons het die lug grys geword. Lyk of dit gaan reën.

"Ek moet vir Intsimbi roep. Hy's nou te lank weg." Ek trek my handskoen aan, haal my fluitjie uit en blaas die bevel. Ek lig my arm hoog, hou 'n duifnekkie tussen my vingers uit.

Binne 'n paar sekondes hoor ek sy klokkie. Hy kom vinnig nader, sak, en land op my uitgestrekte hand, sy skerp kloue stewig om my handskoen. Hy verskeur die duifnekkie. Ek wag dat hy klaar sluk. Sit dan sy kappie op en trek die veters styf.

"Hoekom dra valke kappies?"

"Hy is nie mak nie en ook nie op my ingeprent nie, so hy voel baie veiliger as dit donker om hom is. Ek wil nie hê hy moet mak word nie, ek wil hom eendag vrylaat. Dat hy natuurlik kan jag en paar. Soos valke moet."

"Ingeprent? Wat beteken dit?"

"Dis wanneer 'n roofvoël 'n mens as een van hulle aanvaar en hulle vrees vir jou verloor, gewoonlik wanneer hulle as klein voëltjies deur mense versorg en gevoer word. Sulke roofvoëls kan nie weer alleen in die veld oorleef nie."

Ons draai terug huis toe.

Sivan is buite die hek, haar arms in die lug soos sy vir ons waai.

Finian frons. "Wat gaan aan? Daar moet iets verkeerd wees." Hy draai in die rondte, soek na hommels in die lug. Niks.

Ek hoor haar stem vaagweg.

"Kom in! Kom in!" Sy kom vinnig na ons toe aangehardloop, haar gesig vertrek.

Ons drafstap na haar toe. Wat is verkeerd? Intsimbi se kloue slaan stywer om my vingers vas.

Dan is sy by ons. Sy hyg na haar asem. "Merkspan! Daar's 'n merkspan op pad! En julle koppelstukke is af!"

Haar woorde ruk deur my.

Sivan gryp my agter my nek en hou 'n fles voor my mond. "Drink!"

Toe ek proes ná die eerste sluk, druk sy weer die fles teen my lippe en giet die koue vloeistof in my mond in. "Sluk, Laela! Nou!"

Ek kan nie anders nie, ek moet sluk. Verstik amper. Die smaak op my tong bitter en koud.

"Sivan! Wat gaan aan met jou?" Finian se stem is so ver weg. Die ligte wind wat oor die vlaktes waai, suis in my ore.

Intsimbi klap sy vlerke, trap rond op my handskoen.

Die bitter vloeistof . . . nog. Ek sluk weer. Sivan se arm skuur teen my rug toe ek agteruit struikel. Iets brand in my boudspier, 'n kool vuur wat op my val. Alles is uit fokus. Kan niks hoor nie.

My knieë tref die klipgrond. Intsimbi gaan val! Sivan trek my handskoen af, buk by Intsimbi, lig hom op haar vuis.

Die wêreld draai om my, raak weg.

Finian vang my toe my bene onder my invou.

# 5

## bedreiging

Ek maak my ooglede stadig oop. Finian se grys oë voor my, sy wenkbroue op 'n plooi getrek.

"Jy's wakker! Kan jy my hoor?"

My ooglede val weer toe. My kop is dof en ek kan skaars my arms beweeg. Wil eerder nog slaap. Ek kreun en draai op my sy.

"Laela! Praat met my!" Finian skud aan my skouer.

Ek maak weer my oë oop, skuif stadig regop. My bed in Sivan se kamer. My mond droog en bitter. "Water . . . asseblief."

Finian tel 'n glas van die kassie langs die bed op, laat my drink. "Hoe voel jy?" Hy gaan sit op die voetenent van my bed.

"Oukei. Wat het gebeur?" Ons was saam in die veld. Intsimbi het gejag. En toe Sivan. Sivan wat my die bitter vloeistof laat sluk het. "Intsimbi! Is hy oukei?"

"Ja, Sivan het hom op sy klip in die skuur gaan vasmaak. Sy kappie is op en hy's rustig. Sivan het jou bedwelm – jou een of

ander konkoksie laat drink. Ek weet soms nie wat daai girl besiel nie!" Hy skud sy kop. 'n Aar bult blou op sy voorkop. "Ek't genoeg van haar gehad. Waarom Avabelle dit met haar uithou . . . As ek kon, het ek haar Oudtshoorn toe gepos!"

En dan onthou ek: die merkspan. Ek word koud.

"Die . . . die merkspan. Is hulle –"

"Klaar weg. Hulle het ons almal nagegaan. Jy was toe natuurlik uitgepass op jou bed. Sivan het vir hulle gesê jy't migraine en kan nie praat nie, maar dat sy jou mikrochip gesien het, so hulle het jou uitgelos." Hy staan op, gaan trek die blinding voor die venster oop.

Buite is die wolke nog steeds 'n swaar grys kombers, asof dit binnekort gaan reën. Dit het maande en maande laas gereën.

Finian draai na my toe, sit sy hande op sy heupe. "Ek dink jy moet die res van die dag in die bed bly. Avabelle maak middagete, sy sal vir jou iets bring."

Ek weet nie wat om te sê nie. Hóé het die meterlesing nie gewys dat ek nie gemerk is nie? Want al het hulle my nie self ondersoek nie, sou hulle koordlose meters mos kon optel dat ek nie 'n mikrochip het nie?

Finian staan nader en vee ingedagte oor die dassievelkaros op die voetenent van my bed. "Die meterleser het gesê jy het maande laas by 'n stasie gaan inteken. Jou monitorlesings is ver agter en jou chip moet binne die volgende maand opgegradeer word. Ons sal jou in Oudtshoorn moet kry."

My mond val oop. Finian gaan dit sien. "H'm . . . reg so, ja. Miskien . . . volgende week."

Hoe het dit gebeur? Dis mos onmoontlik? Geen sender

kon ’n sein opgetel het nie, nie van naby of van ver af nie. Hoe het Sivan dit reggekry?

Ek skuif weer regop in die bed. Vir ’n oomblik draai my kop. “Waar is Sivan?”

“Ek het haar teelstasie toe gestuur vir die res van die dag. Ek wil haar nie onder my voete hê nie. Sy gaan die insekteel-mediums deur vandag. As sy nie weet hoe om haar te gedra nie, kan sy harder werk om hierdie besigheid aan die gang te hou. Sy’s in elk geval te lui en in haar eie wêreld die laaste tyd!”

Ek kyk net na hom. Wat hy nie snap nie, is dat Sivan vandag dalk my lewe gered het. Miskien sal ek later uitvind hoe sy dit reggekry het.

“Bly in die bed tot jy beter voel.” Finian kom nog nader. Hy leun oor my, soen my vinnig op my voorkop, draai om en loop deur toe. “Ek sal nou-nou kom kyk hoe dit gaan.”

Finian het my op my voorkop gesoen. Ek is skielik wawyd wakker. Finian het my gesoen! Dit was amper niks. Net ’n vinnige piksoen. Of was dit niks?

Die kamerdeur klik sag toe. Sy voetstappe raak dof in die gang.

Die note draal effens, al sagter en sagter, stop. ’n Hartseer wals wat ek nog nooit gehoor het nie.

Ek en Sivan sit buite op die stoep nadat ek die res van die middag geslaap het. Dit het toe nooit gereën nie, maar die lug is nog steeds grys. Dit word skemer, die laaste daglig sag oor die Karookoppies om ons.

Sivan laat sak die mondfluitjie, sug saggies. Verbeel ek my of blink daar trane in haar groen oë?

"Wie het jou leer speel? Dis so mooi."

"My pa. Dit was sy mondfluitjie, en sy geliefkoosde wals. Dis omtrent al wat ek van hom oorhet. Hy was 'n groenstad-ingenieur voor die Hongersnood. Adian Zadra. Was 'n tatoeëerkunstenaar ook. Hy't Ma altyd Bokkie genoem, behalwe die dag toe hulle baklei het ná hy my luiperdkolle gedoen het, nadat ek hom so lank daarvoor gesmeek het. Daai dag was sy Beatris."

Sy tel weer die mondfluitjie op, speel nog 'n paar note. Die blues dié keer.

Wat het ek van Pa by my, behalwe Intsimbi? 'n Klein fototjie in 'n lendelam raam. Dalk kan ek teruggaan na ons huis toe, iets van hom gaan haal. Die grys trui waarvoor hy so lief was, die klein houtinsekte wat hy met sy knipmes sit en kerf het saans om die vuur op ons Bosveldvakansies.

Sivan sit die mondfluitjie neer. Vir 'n paar minute sit ons net en tuur oor die veld om ons. Luister na die gekwetter van voëls wat skuilplek teen die donker en koue soek tussen bondels warm veerlyfies.

"Wat het jy my vanoggend laat drink?"

Sy glimlag effens. "Kunsmatige pomelo-ekstrak. Om Finian se aandag af te trek terwyl ek jou met 'n verdowingsmiddel ingespuit het. As hy en Avabelle weet ek het nog middels en inspuitings, sal hulle dit moet verklaar, so ek steek dit weg."

Ek onthou die brandpyn in my boud. "Jy het my ingespuit!" My mond val oop. Sy was baie vinnig, reg onder Finian se neus. "Waar kom jy daaraan?"

"Ek was in 'n weeshuis die jare ná die Hongersnood. Die huismoeder het my alles oor medisinale plante geleer, maar sy

was ook 'n paramedikus wat 'n outo-ambulans beman het, voor alles skeefgeloop het. Sy't my dit ook geleer. Ek't baie van haar vervalde medisyne en klein instrumente gekry. Ek steek dit weg en gebruik dit min, want ek's bang die regeringsamptenare kom dit agter en kom vat dit weg."

"Klink of jy na aan julle huismoeder was?"

"Ja. Ons het haar Miss Mary genoem, want sy het 'n troetelhanslammetjie gehad wat sy dwarsdeur die Hongersnood weggesteek het, tot in 'n kelderkamertjie onder die vloer van die weeshuis wanneer daar Genmod-patrollies op pad was, en met uitgedroogde aalwynblare gevoer het. Sy het daai lammer met haar lewe beskerm, nes sy ons almal opgepas het."

Ek lag. "Ek neem aan as mens 'n lammetjie aan die lewe kan hou terwyl almal soos diere jag op soek na iets om te eet, is dit maklik om medisyne ook weg te steek?"

"Jy het geen idee hoeveel verbande en pleisters en pille en glaskapsules mens in gate in matrasse kan inprop nie! Of in plastiekhouers in die agterste sakke semels in die insekteelkamers kan stoor nie. As Avabelle net weet wat reg onder haar androïede se neuse aangaan! 'n Robot kan nie antiseptikum ruik nie, en sy kom min self in daai stowwerige kamers."

"Wat jy ook al vroeër met my gedoen het, baie dankie! Maar die meterleser kon mos nie 'n chiplesing op my gekry het nie?"

"Ek en hy ken mekaar. Sergio. Hy was een van die monitors in die weeshuis waar ek was. Hy het toe al vir die regering gewerk, maar ons het vriende geword. Hy't saamgespeel toe ek sê dat ek jou chip gesien het. Gejok oor sy lesing. Iets gesê oor opgradering, om die leuen beter te laat klink."

Sy kyk af. "Die jare in die weeshuis was swaar. Maar as mens